BLITSNUUS – Vrydag 22 Mei 2020

LIEWE STELLASTRATER,

ONTMASKERING IN 'N TYD VAN MASKERS!

"Jou oë sê wie jy is" – so het ek gedink voor die tyd van inperking. Iemand se oë vertel baie van sy mens-wees. Soos Jesus dit mooi gestel het "Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie!" (Mat 6:22-23). Maar toe kom die tyd van maskers en wat 'n verskeidenheid is daar nie! Die verskeidenheid maak dat jy jou vergaap aan watter kleur die masker is, watter tipe masker dit is, watter grootte en watter effektiwiteit die masker het. En so vergeet ons om na die persoon agter die masker te kyk. Ek het nooit besef hoeveel van 'n mens se gesig tussen jou ken en jou neus is nie. Ek sukkel om iemand met 'n masker op te herken.

Maar in hierdie tyd van maskers hoeveel ontmaskering sien ons nie? Die gaping tussen ryk en arm is nou in ons gesig as ons die lang rye mense sien wat wag op kospakkies en selfs water. Skole wat na 26 jaar nogsteeds nie genoeg spoel-toilette het nie, laat staan nog saniteermiddels. Ongelooflike moeite word gedoen om van gewone skole skielik aanlyn-skole te maak en dit terwyl daar huisgesinne is wat nie geld vir kos het nie en hulle kinders kan ook nie huiswerk sonder data doen nie.

Ek hoop net dat ons nooit gewoond sal raak aan die "nuwe normaal" nie want dit voel vir my of niks meer normaal is nie.

Onthou asseblief jy kan enige tyd enige een van ons leraars kontak.

Liefde Fay, James, Anton en 10ni.

OORDENKINGS VIR DIE WEEK 24 - 31 MEI

Ons begin hierdie week met ons **Pinksterreeks**. Die oorhoofse tema is **"Kom laat ons bid"** en die reeks handel oor gebed uit die Psalms. Ons leraars maak beurte om die verskillende

Psalms in die Oordenkings te hanteer. Jy sal elke dag 'n skakel ontvang waarmee jy na die Oordenking kan kyk en luister.

- Sondag 24 Mei "***Gebed is meer as woorde"*** (Ps 88:1-10) – 10ni
- Maandag 25 Mei – "***Net naby God vind ek rus"*** (Ps 62) - Anton
- Dinsdag 26 Mei – "***Kaggelwarmte in winterkoue"*** (Ps 124) - James
- Woensdag 27 Mei – ***" 'n Anderste tipe kyk"*** (Ps 13) - Fay
- Donderdag 28 Mei ***"Gedra deur God"*** (Ps 91:1-16) – 10ni
- Sondag 31 Mei – Pinksterfees – ***"Die God van duskant"*** (Ps 139) - James

Pinkster in Stellastraat is sinoniem aan warm tuisgemaakte sop, brood en lekker kuier. Hierdie jaar gaan ons dit baie mis. Maar daar sal wel elke dag 'n sopresep op die webblad wees sodat jy vir jou en jou huismense tuisgemaakte sop kan voorsit. So vreemd as wat Pinkster in die grendeltyd is, so hoop ons dat hierdie reeks vir jou baie sal beteken.

Die Tuis-Adoramus is hierdie week deur Willem opgestel en word so geskryf dat jy dit rustig by die huis in jou eie stiltetyd kan lees en oordink. Jy kan dit ook as 'n Bybelstudie gebruik. Hier is die skakels:

- **Weeklikse oordenking** (10ni) https://youtu.be/KTgDAaJ8gZE
  - Die tema is "Gebed is meer as woorde" en die teks kom uit Psalm 88:1-10.
- **Kleuterkerk** (Marina en Fay) https://youtu.be/9iQBsNen1g4
  - Die tema is "Leeukos of blikkieskos?" (Dan 6:1-24)
- **Huisgeloofgesprek** wat saam met die Kleuterkerk se tema gaan:
  - Gesels as gesin oor:
    - "Selfs tydens sy inperking, het Daniël by 'n sekere roetine gehou. Watter roetine sal julle as huisgesin wil voortsit selfs as die inperking opgelig word?"
- **Tuis-Adoramus** (Willem) http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-24-Mei.pdf
  - Die teks is uit Handelinge 1:6-8 en die tema is "Getuie wees ongeag".
- **Video vir jongmense**: https://youtu.be/w7QI6DGrFKQ

JONGMENSE IS GEMAKLIK MET SKERM-GESPREKKE

Vir die van ons wat nie so bekend is met die IT nie, voel of skerm-gesprekke met 'n halwe mens is. Jy sien net die halwe mens en ervaar die persoon as 'n halwe mens. Maar nie ons jongmense nie. Hulle geniet die skerm-gesprekke en ons is baie dankbaar daarvoor. Dit gee aan die jeuggroepe in die grendeltyd 'n geleentheid om jongmense nogsteeds oor geloof te laat gesels.

Hierdie Sondag (24 Mei) gebruik die **juniors** nogsteeds Daniël se inperking met die tema "Leeukos of blikkieskos"? (Dan 6:1-24). Dit is dan ook die tema van die Kleuterkerk (sien skakel hierbo). Die **seniors** gesels hierdie week oor die moeilike tema "Hoe lyk jou prentjie van God in die Covid-tyd?". Volgende Sondag 31 Mei om 18:00 gaan die seniors 'n **Zoom-Pinkstersaamtrek** hou deur in al die jeuggroepe saam musiek te luister en oor die Heilige Gees te gesels. ***Ons vra asseblief dat julle as ouers julle kinders aanmoedig om by hierdie gesprekke in te skakel***. As jy onseker is by watter gesprek jou kind kan inskakel, kontak asseblief vir 10ni (083 627 5086). Hierdie week is daar vir die tieners 'n nuwe video oor geloofsvrae en wel oor die Drie-Eenheid (sien skakel hierbo). Moedig die jongmense asseblief aan om na die video te kyk.

STELLASTRAAT MAAK 'N VERSKIL – WAAR ELKEEN 'N VERSKIL KAN MAAK

Dankie aan elke Stellastrater wat ons uitreikprojekte op verskeie wyses in hierdie tyd ondersteun. Ons het weer in die week wat verby is vir die 25 manne, wat tydens die grendeltydperk by St Wilfrid's Anglikaanse kerk gehuisves word, warm aandetes verskaf. Indien jy kans sien om in Junie-maand op jou eie, of saam met vriende of 'n omgeegroep, vir 'n aand se kos verantwoordelikheid te neem kontak asseblief vir Fay.

Ons kon hierdie week met die finansiële bydraes wat ons ontvang het vir 20 gesinne in die Moot en Mamelodi-Oos kospakkies voorsien, asook twee uitreikprojekte in die middestad help met die aankoop van kos. Ons is ook dankbaar aan Spar wat vir ons 'n ton mieliemeel geskenk het wat ons aan middestadbedieninge kon kanaliseer.

As jy in hierdie tyd van inperking by enige van Stellastraat se **Uitreikprojekte** wil betrokke raak, kontak gerus vir Fay (083 478 0854). Indien jy 'n finansiële bydrae wil maak, merk asseblief jou inbetaling as ***"Uitreik Covid 19".***

Ons wil graag help – so as daar enige iemand is wat hulp nodig het, moet asseblief nie huiwer om enige van die leraars te kontak nie. As jy van iemand weet wat swaarkry, laat weet ons asseblief sodat ons kan planne maak hoe om te help.

KERKRAAD ZOOM IN OP FINANSIES EN BEDIENING

Die Kerkraad het Maandag 18 Mei sy eerste zoom-vergadering in die geskiedenis van die gemeente gehad. Twee belangrike sake was op die agenda. Diensgroep Administrasie het 'n deeglike stuk werk gedoen en verslag gedoen oor die finansiële impak van die pandemie op die gemeente. In een van die gunstigste scenarios word 'n tekort van R567 000 teen einde Desember verwag. Hieroor sal Jan Groenewald (Voorsitter van Diensgroep Administrasie) binnekort volledig met die gemeente kommunikeer. Die tweede groot saak was die voortgang van die bediening van Stellastraat. Soos wat die tyd aanstap, sal daar voortdurend verander word aan ons planne maar die Kerkraad het seker gemaak dat werk op al die diensterreine sal voortgaan. Hieroor ook meer inligting teen volgende week.

ONS DINK AAN

- Tharina Odendaal van Gift Acres 9 wat in Pretoria-Oos hospitaal aansterk na 'n groot operasie.
- Johan Olivier wat vir Covid 19 positief getoets is.
- Daan Schoeman van Johanitastraat 821 wat weer aan sy heup geopereer is.
- Annelize Coetzee van 24ste Straat 68 wat Maandag aan haar skouer geopereer word.
- Leon Herbst van Mainstraat 237 wat tuis versorg word en baie siek is.

VERJAARSDAE (24- 30 Mei)

- **Sondag 24 Mei**: Jeanine de Beer, Tiaan de Jager, Yolanda Morkel, Tilja Myburgh, Lian Steenkamp, Jerina Webber-Youngman.

- **Maandag 25 Mei:** Daniel Alberts, Rikus de Bruin, Alida Higgs, Dries Prinsloo, Louise Rademeyer, Cobus Shawe, Estelle Steyn, Carel-Chris Swanepoel, Kobus van Dyk, Cobus Verster.
- **Dinsdag 26 Mei**: Paul Boer, Mischan Francis, Elsabe Kearsley, Janko Kloppers, Daan Lotheringen, Cobus Reyneke, Wilhelm Truter, Harlo van Niekerk, Brigitte van Schouwenburg, Charlie Verster.
- **Woensdag 27 Mei**: Hardus Breytenbach, Carla de Beer, Philip Dreyer, Reinhardt Heydenrych, Wynand Jacobs, Lehan Kirchner, Janettie Kirkpatrick, Eppo Kruger, Lizl Niemandt, Barend Taute.
- **Donderdag 28 Mei:** Anri Fischer, Koos la Grange, Salomon Maritz, Piet Nel, Milene Olivier, Mila Pistorius, Pieter Strydom.
- **Vrydag 29 Mei:** Iné Grobbelaar, Marilé Kleinhans, Hendri Lombard, Stephanie Schultz.
- **Saterdag 30 Mei**: Trevor Conradie, Milah Esterhuizen, Daru Jansen van Vuuren, Elizabeth Loubser, Imke Mathey, Jacques Niemandt, Lise Olivier, Adolf Prinsloo, Ina Roos, Mary Straeuli, Minette van den Berg, Marlene van der Merwe, Frik van Vuuren, Marie Viljoen.

STELLASTRAAT SE WEBBLAD

Onthou jy kan enige tyd inligting oor die gemeente en die skakels na die Weeklikse Oordenkings op ons webblad kry. Gaan gerus na www.stellastraat.co.za

STELLASTRAAT SE BANKBESONDERHEDE

- **NG Gemeente Suidoos-Pretoria**
- ABSA (Takkode 632 005)
- Rek: 540 580 022

STELLASTRAATGROETE